higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

(4090315)

**17 November 2023 (X-vraestel)**
**09:30–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Sakrekenaars en VYF addisionele bronne kan gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**



Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs blou of swart ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING B**

Lees die gevallestudie hier onder.

Al die vrae is op hierdie gevallestudie gegrond.

Massmart, die eienaar van plaaslike handelsmerke soos Game, Makrio en Builders Warehouse, sê dat die Covid-19-inperking 'n beduidende uitwerking op sy handelsprestasie gehad het.

Mitchell Slape, HUV, het die verslag oor die uitwerking van Covid-19 aangebied.
In die nuutste handelsverslag vir die 26-weektydperk geëindig 28 Junie 2020, sê Massmart dat alhoewel verkope en marges laer was as vir dieselfde tydperk verlede jaar, die groter fokus op uitgawebestuur- en kostebesparingsinisiatiewe vrugte afwerp, met uitgawegroei wat na verwagting ver onder inflasie sal wees.

Sonder die impak van die Covid-19-inperking, "verwag ons dat die verlies en wesensverlies ietwat beter as vir dieselfde tydperk verlede jaar sou wees,: het Massmart op Woensdag 17 Junie 2020 gesê. Die groep het genoem dat dit vir die grootste deel van April nie in die meeste algemenehandelsware-kategorieë, huisverbetering en alkoholiese produkte kon handel dryf nie, wat 'n aansienlike uitwerking op totale verkope in daardie maand gehad het.

Met die beweging na vlak 4-inperking aan die begin van Mei, kon Massmart geleidelik in meer produkkategorie begin handel dryf.

"Mees opmerklik was dat ons Builders-winkels regdeur die land verkope aan die algemene publiek kon hervat. Beperkings op die verkoop van alkohol- en tabakprodukte het egter steeds die hele Mei-maand gegeld.

Handelsure ten opsigte van alkohol is egter steeds beperk, meet geen alkoholverkope wat vanaf Vrydag tot Sondag en openbare vakansiedae toegelaat word nie.
Met die verslapping van die inperking vanaf vlak 5 na vlak r, het die opgeboude vraag na huisverbeteringsprodukte tot sterk verkope by ons Builders-winkels gedurende Mei gelei, terwyl die opgeboude vraag na algemene handelsware met die verloop van die maand tot beter verkoopsprestasie by Makro en Game gelei het.

Massmart sê dat die ten spyte van die inperking nie die implementering van die omkeerplan wat aan die einde van Januarie aangekondig is, vertraag het nie. "Inteendeel, dit het sommige van die inisiatiewe versnel – in die besonder die kosteherstelprojek, groepherstrukturering in Groothandel- en Kleinhandelsake-eenhede en die Game-omkeerplan."
Massmart noem verder dat dit 'n omvattende bygewerkte verslag oor vordering met die omkeerplan sal gee tydens die aanbieding van die tussentydse resultate in Augustus.

Die groep het steeds al sy betalingsverpligtinge aan verskaffers en werknemers nagekom.
"Ons fokus bly op nougesette kontantvloeibestuur en die implementering van strategieë om kontantvloeigenering te verbeter deur middel van voorheen gerapporteerde sleutelinisiatiewe, met inbegrip van onderhandelde huurbesparings, wedersyds voordelige handelsvoorwaardes met ons handelaars, aansoek om beskikbare belastingverligtingsmaatreëls en die aggressiewe nastrewing van die kosteverminderingsinisiatiewe wat reeds in ons omkeerplan uiteengesit is."

[Businesstimes.online.co.za]

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Noem VIER plekke in die land waar Game-winkels geleë is, wat mnr Slape as ‘n riglyn vir sy sakeplan kan gebruik. (4)

1.2 Identifiseer hoe die volgende elemente van ‘n sakeplan in mnr Slape se verslag gedek word.

1.2.1 Uitvoerende opsomming

1.2.2 Sakebeskrywing

1.2.3 Bestuursplan

1.2.4 Finansiële plan

(4 × 4) (16)

1.3 Mitchell Slape moes gedurende die Covid-19-pandemie sy ondergeskiktes motiveer.
‘n Spanbousessie sal aan die einde van die jaar gehou word. Stel ‘n spanbouprogram op wat die aspekte wat vir kleinhandelwerknemers relevant is, weerspieël.

Noem SES aktiwiteite in die program. (16)

1.4 Noem en verduidelik die SEWE stappe van die probleemoplossingsmodel en pas dit op die Massmart-gevallestudie hier bo toe. (7 × 2) (14)
**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Gee ‘n duidelike definisie van *gesag.* (2)

2.2 Bestuurders kan op bepaalde maniere optree wat dit vir hulle moeilik maak om te delegeer.

Noem en verduidelik VIER aspekte van bestuursoptrede wat hulle kan verhinder om take aan ondergeskiktes te delegeer. (4 × 3) (12)

2.3 Verduidelik waarom ‘n organisatoriese struktuur ontwerp word. (4)

2.4 Hoe het Covid-19 die volgende Wette beïnvloed?

2.4.1 Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en Siektes

2.4.2 Werkloosheidsversekeringswet

(2 × 2) (4)

2.5 Bespreek hoe Massmart maatskaplike verantwoordelikheid in die praktyk kan implementeer met verwysing na die omgewing, gemeenskap, werknemers en klante. (12)

Kopiereg voorbehou 

2.6 Daar is VIER hoofkategorieë hulpbronne wat in ‘n onderneming benodig word. Mnr Slape se bestuurspan moet weet hoe om sulke hulpbronne te gebruik.

Noem en beskryf hierdie hulpbronne. (16)
**[50]**

## VRAAG 3

Verwys na die balansstaat hier onder.

**Massmart**

| | | |
|---|---|---|
| VERKOPE | | 940 000 |
| Minus: koste van verkope | | 810 000 |
| Bruto wins | | 130 000 |
| Plus: ander inkomste | 0 | |
| Minus: uitgawes | | 73 500 |
| Verskering | 8 500 | |
| Salarisse | 220 00 | |
| Huur | 310 00 | |
| Water en elektrisiteit | 120 00 | |
| Netto wins (inkomste voor belasting) | | 56 500 |
| Minus: inkomstebelasting | | 16 950 |
| NETTO INKOMSTE (inkomste na belasting) | | 39 550 |
| Niebedryfsbates | | 480 000 |
| Vaste bates | | 480 000 |
| | | |
| Bedryfsbates | | 240 000 |
| Voorraad | | 110 000 |
| Debiteure | | 85 000 |
| Kontant | | 45 000 |
| | | |
| **TOTALE BATES** | | 720 000 |
| | | |
| Eienaarsekwiteit | | 310 000 |
| Kapitaal | | 270 000 |
| Teruggehoue verdienste | | 40 000 |
| | | |
| Niebedryfslaste | | 250 000 |
| Lening: ABC bank | | 250 000 |
| | | |
| Bedryfslaste | | 160 000 |
| Krediteure | | 160 000 |
| **TOTAAL – EKWITEIT EN LASTE** | | 720 000 |

3.1 Bereken die opbrengs op bates. (6)

3.2 Was dit die moeite werd om in die onderneming te belê?

Gee DRIE redes vir jou antwoord. (8)

3.3 Het die onderneming genoeg kontant om sy skuld te betaal? Bereken die gemiddelde invorderingstydperk (50% van verkope is op krediet).

**WENK**: Vuurproefverhouding, gemiddelde invorderingstydperk (24)

3.4 Waarom benodig 'n entrepreneur 'n sakeplan? (6)

3.5 Een van die werknemers het die gewoonte om dronk by die werk aan te kom.

Verduidelik DRIE praktiese maniere om hierdie werknemer te dissiplineer.
(3 × 2) (6)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

'n Etiese dilemma word gedefinieer as die beginsel van regverdigheid, eerlikheid en respek. (2)

4.2 Verduidelik kortliks aan mnr Slape SEWE stappe wat hy kan volg om die beste winkelbestuurder vir Game Centurion Mall te kies.

Skryf die stappe in die korrekte volgorde neer. (15)

4.3 Noem die moontlike koste van gehaltebeheer. (8)

4.4 Verduidelik die aard van operasionele/bedryfsbestuur by Makro. (3)

4.5 Onderskei tussen *produkte* en *dienste.* (5 × 2) (10)

4.6 Noem en verduidelik die stappe in die beheerproses. (12)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Copyright reserved